

Nomades Voetslaanclub

Roete-terugvoer.

Serendipity

tussen Modimolle/Nylstroom en
Mookgophong/Naboomspruit
net af van die R101.

15-17 Julie 2016.

Rugsak en Basiskampstap. 2 Nagte.
Sowat 170km vanaf Pretoria.

Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen,
Wouter en Renee Crous, Cornea Maree,
Wilna Moolman en Marius Stander doen
die Rugsakstap.(7)

Jan en Corrie du Preez, Paul Snyman &
Christie Blygnaut, JS vd Merwe, Kobie
Venter, Norma Grotius en Luis de Rocha
doen dagstap.(8)

Een persoon ontrek op kort kennisgewing.



Bushbaby Kamp (regs) (S24° 36' 10.2" E28° 35' 27.7") het ses bedjies op die boonste vlak. Vier sement 'bankies' op die onderste vlak. In werklikheid plek net vir 10 stappers. Maar ons kry ekstra matrasse wat ons oral op die beskikbare stukkie onderdak vloer inpas. Ons slaap 15 daar en die plek is VOL. Daar is net een spoeltoilet en 'n stort wat per donkie, warmwater kry. Heerlik warm. Hout vir die donkie word voorsien, maar jy moet hom self stook. Geen elektrisiteit nie. Ook nie 'n kombuis nie, net 'n 'werkstafel' buite en dan maar die muurtjies waarop jy kan werk. Ook dus geen yskas of kookgeriewe nie. Party het maar klein gasstofies om hul teetjie te stook en ander benut die ketel wat ons volhou op die vuur. Hout vir die vuur moet gekoop word (R15/sak) of jy kan saambring, veral as jy net die basiskamp/dagstap ding doen.



Bergkamp (links) waar die rugsakstappers oornag het, het 2 'slaapkamers' met 5 beddens elk, dus ook net plek 10 persone op beddens. Dan 'n 'kuier/sitkamertjie tussenin. Die voorkant is 'oop' maar jy kan die kamers toemaak met afrol seile wat dit heel dig maak teen die elemente. Die plekkie het die mooiste uitsig oor die valeitjie hier onder jou. As die bietjie warmer is, en jy los die



seile oop sal dit heerlijk wees om met so 'n uitsig wakker te word. Jy sou nog dalk 4 matrassies op die grond voor die ander beddens kon gooi. Een stort net agter die gebou wat per donkie warmwater kry en TWEE toilette so bietjie op teen die bultjie deur die bosse, wat per emmer ge'spoel' word. Daar is draadtafeltjies en twee stoele, en dan die bankies om die vuurmaakplek. 'n ketel, Rooster en pot-driehoekie word voorsien. Geen kombuis of ander kombuis fasiliteite nie. Daar is by beide kampe heelwat meer as 10 matrassies tydens ons besoek.

Vrydagmiddag begin die eerste stappers opdaag. Die grondpaadjie in na die kamp is 95% heel goed met die enkele bietjie uitdagings en een Styl stukkie, maar almal behalwe 'n dame met hoë voertuig maak dit. Dit is so ongeveer 50m se loop vanaf



die oop parkeer area na die kamp wat in 'n klofie teen 'n helling geleë is. Die logistiek van die pad soontoe en dan die 'wie slaap waar' word 'n groot besprekingspunt, maar uiteindelik het almal 'n plekkie om te slaap. Die aand is koelerig, en ons braai heerlijk om die vuurtjie. Later die aand snork party harder as ander en die Saterdagoggend word ons (die wat nie 'nog' 'n bietjie lê nie) begroet met die mooiste sonsopkoms, byna uit jou bed uit. Nadat iemand al vroeg 'n vuurtjie gemaak het sodat die span warm water vir ontbyt kon hê en elkeen sy oggendmaal geniet het en die laaste los bagasie in die motors gaan los het is ons op pad. Rigting 'Bergkamp'. Die dagstappers en rugsakstappers begin saam op teen die klofie uit tot bo. Dit is droog en die paadjie is stowwerig en vol los klippe. Na 'n tydjie kom ons by die eerste 'kortpad' terug kamp toe via die 'Swempoele'. Ons gaan steeds regs aan rigting 'Bergkamp'. Dan ons eerste hoë wildheining oorklim. Maklik 3m hoog, maar 'n heel stewige staal leer oor die heining. Ons verwyf 'n rukkies en skep asem. Teetyd. Tussen die lang droë gras raak die groeie



sommer weg soos elkeen sy sit/lê kry. Mooi uitsigte oor die vlakte daar onder. Hier en daar is darm boompies om teen die sonnetjie te skuil. Veral as jy in die somer hier loop gaan jy die' bome waardeer.

Dan die bordjie 'Back to Bushbaby'. Ons stop, eet 'n versnapperingkie saam as groot groep en sommige maak tee. Ons groet en die dagstappers draai links af.

Dan gaan die rugsakstappers deur nog droe rivierlopies bietjie op en bietjie af. Lekker afwisselende terein. Nie te moeilik nie.

Hier en daar stukgies gelyktes ook.

Ons bereik die bo-kant van 'n Iredelike diep kloof waar jy met 'n oer-oue geroeste bord gewaarsku word om nie klippe af te gooi nie. Net daarna die mooiste ou papierbas bome en nabome. Al teen die 'kontoer' langs en later begin ons te daal. Party wil vir middag ete rus, maar ander dring aan dit moet of bo of onder wees. Ons mik dus maar vir onder en bereik later 'n stroompie waar sommige skoene uittrek en ons ordentlik middagete geniet in die koelte van die bome. Ons wil darm middagete in die bos geniet, nie by die oornagkamp nie.



Ons bereik die vlakte onder die kloof en 'n bord waarsku ons 'Totale stilte vir voëlne area'. Verby 'n groot droë dam en nog 'n paar draaie gestap. Mooi kranse aan ons kant. Dit moet baie mooi wees in die' stukkie as die rivier meer water in het. Dan 'n kort steil oppie en teen 'n rots opklim en dan is ons rugsakstappers 'skielik' sonder waarskuwing by ons 'bergkamp' hier voor ons. Ons werk uit wie slaap waar en hoe die seile werk. Die Donkie word gestook en die kamp word verken. Ons laat sak die seile vir bietjie koelte, aangesien ons beddens Vol in die oop son is en dit Warm is. Party stort sommer in koue water terwyl die lyf nog warm is en ander wag tot die donkie sy werkgedoen het. Ons werk mooi met die water aangesien die eenaar ons gesê daar is net 500l beskikbaar. Dan is dit op.



En ons sien die son sak in die weste, waarop die kamp uitkyk oor die diep kloof hier onder ons. Die braaivleisvuur word aangesteek en ons verlustig ons in al die veldgeluide en sommer om in die bos te wees en die innerlike batterye net weer te herlaai. Elkeen het maar sy eie unieke uitdagings en probleme in die weeklikse roetine en So' 'n dag of wat in die bos doen wondere vir die siel. Veral as daar geen selfoonontvangs is nie en jy maar net moet ontspan.

Die aand om die vuur merk ons op daar is beweging in die bos en ogies hier by ons. 'n Tierboskat kom vir ons kuier, dalk kom soek hy oorskiet kos, maar sommer net so 3-4 meter van ons af sit/lê hy op 'n klip. Mooi en besonders....



Na 'n lang dag op redelike klipperige terein en rugsakstap wat party van ons maar 'n tydjie gelede gedoen het, is dit heel lekker om na die laate warm drankie die aand na aandete ons bedjies te gaan opsoek. Heerlik so in die bos.

Sondag oggend geniet almal hul ontbyt. Bietjie anders as jy eers moet vuurmaak, om warm water te hê vir tee, maar dit werk en is lekker.

Vandag volg ins die 'Bushbaby' bordjies'. Stap 'n redelike lang ent langs 'n droë lopies en plekplek bietjie op 'n 2-spoorpaadjie, maar dit pla nie. Sien weer heelwat euforbias, papierbasse, alwyne en ander mooi plantegroei. Oor 'n lang vlakte, gly-gly af teen 'n skuinste, weer oor die wildsheining, kruis 'n paar grondpaadjies.



Dan is ons by die swempoele bordjie, ek loop af en gaan Kyk net. Nie een van ons Swem nie, ietwat koelerig.

'n Kort entjie en nog 'n affie, dan is ons by die ooptetjie waar ons motors staan en gou-gou is ons by die kamp. Tee gemaak, gestort, nog bietjie gekuier met van die basiskampstappers wat nog daar is en ons is op pad huis toe na 'n heerlik verkwikkende naweek.

Ek voel weer mens en sien weer kans vir enige-iets wat na my gegooi kan word in die weke wat kom tot 'n volgende stap.



Dag 1 was sowat 11km vir die rugsakstappers met 'n hoogteverskil van sowat 200m tussen die hoogste en laaste punte. Totale styging was net onder die 600m totaal (as jy elke op en af en dan weer die op inreken).

Dag 2 sowat 10km vir die rugsakstappers terug vanaf Bergkamp na Bushbaby kamp.

Paul Snyman wat op die Augustus klubaand terugvoer gegee het, het die Bushbaby kamp so mooi beskryf "Dit is soos 'n ou plaashuis met 'n stoep, maar sonder die huis. Baie mooi uitsig." Hy sê ook mens kan die snelweg daar in die verte sien van die kamp af. Die roete was maklik, dalk omdat ons sonder rugsakke gestap het. Ongeveer 8km die eerste dag gestap (basiskamp dagstap). Die roete is gemerk met staal droppers waarvan die punte wit gevef is. Ons het dit nog nie baie gesien nie. Moet jousef net nie aan hulle probeer optrek teen die styltes nie. Dit is baie duidelik gemerk en werk.



Ons bespreek by via Anvie Ventures by www.anvieventures.co.za

Finansies: (Ons vra per R270 per lid).
Inbetalings : **R 4320**

Inbetalings (16mense*R270) : R 4320
Uitbetalings : **R 4455**
Stappers (R130pppn) : R 4160
Besprekingsfooi (Anvie) : R 50
Brikette en aanstekers(AL) : R 110
Hout: 7 sakke@R15.00 (Ms/Ser) : R 135
Projek verlies : **R 135**



Vriendelike stapgroete
Marius Stander.
MariusStanderPTA@gmail.com
www.Nomades.co.za
vir meer stapverslae en
Nomades se kontak inligting en
ons jaarprogram.



Serendipity - Bergkamp - Tierboskat - Wilna